

20

DIE GOEIE HERDER

God sorg vir my

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus die beeld van 'n herder gebruik om ons te leer dat Hy vir ons sorg.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat Jesus ons goeie Herder is.
- wat dit beteken dat Hy ons Herder is.
- dat sy omgee ons oproep om vir Hom te lewe.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat hulle aan die Here behoort en dat Hy vir ons sorg.
- met blydschap gaan lewe, omdat Jesus sy lewe vir ons opgeoffer het.
- bereid wees om met geloof as getuies in die wêreld te leef.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- spontaan aan ander te vertel waarom Jesus ons Herder is.
- so te leef dat ander kan sien dat Jesus hul Herder is.

MEER INLIGTING (Johannes 10: 1-21)

Jesus leer ons hoe 'n herder vir sy skape sorg en omgee. Hy wil hê ons moet weet dat Hy net so vir ons sorg. Hy is die goeie Herder. Dit beteken Hy weet van alles wat ons nodig het. Ons kan Hom vertrou. Hy wil hê ons moet oral veilig voel.

Daar is twee baie belangrike dinge van 'n goeie herder wat ons moet leer:

- 'n Goeie herder **sal alles doen om sy skape te beskerm, veral as hulle in groot gevaar is**. So bewys hy sy liefde en omgee vir sy skape. Net so het Jesus vir ons kom wys hoe groot sy liefde vir ons is. Hy het gesond gemaak, kos uitgedeel en kindertjies geseën.
- 'n Goeie herder **ken sy skape baie goed. Hy ken hulle elkeen op die naam**. Hy roep elkeen om agter hom aan te loop en om hom te vertrou. **Die skape ken ook sy stem**. Hulle is bereid om hom te volg. Net so ken Jesus ons elkeen op ons naam. Hy weet wat ons elkeen nodig het en wat die beste vir ons is. Hy roep elkeen om Hom te volg en om Hom te vertrou.

Met hierdie gelykenis wil Jesus ons leer om Hom te aanbid en lief te hê. Ons kan ons grootste geheime en wense met Jesus deel. Ons kan enige tyd tot Hom bid. Ons moet alles doen wat sy hart sal bly maak, want Hy sorg vir ons, sy kinders.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Prent van 'n skaapwagter. (Daar is een aan die einde van die boek Job in die 1983-vertaling van die Bybel.)
- 'n Toiletrolletjie vir elke kind.
- Watte.
- Skêrtjies met stomp punte.
- Die skapies aan die einde van die les – een per kind gefotostateer op ligte karton. (Dit moet pas op A4 om die korrekte grootte te wees. Die skapies kan vooraf uitgeknipt word om tyd te spaar.)
- Indien moontlik, reël met 'n skaapboer om te kom vertel hoe baie moeite hy en/of sy skaapwagter doen om die beste vir die skape te gee.
- Kantoorgom of kouelym (*verdun 2 dele gom met 1 deel water*) in 'n houertjie met kwassies of gomsmeeders.

KOM ONS BEGIN

Lees Psalm 23: 1-3 en open met 'n kort gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Doen die volgende kontrole oor Les 17:

- Hoor by 'n paar kinders waar hulle hul gesin se kalender geplaas het.
- Laat hulle die ballonne wat hulle ingekleur het en waarby hulle prente geplak het, vir mekaar wys.
- Kontroleer of hulle die volgende woorde ken: *Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

In die Bybel word gesê dat mense soos skape is. Hoe kan dit waar wees? Maak ons geluide soos skape? Nee. Eet ons gras? Nee. Is my hele lyf vol wol? Nee. Dit is nie omdat ons soos skape lyk nie, dit is omdat ons soos skape iemand nodig het om ons op te pas. Skape het 'n goeie skaapwagter nodig. 'n Ander naam vir 'n skaapwagter is 'n herder. 'n Herder versorg sy skape. As hulle sy stem hoor, volg hulle hom. Sommige boere het nog skaapwagters op hul plase. (Wys 'n prent van 'n skaapwagter vir die kinders en laat hulle toe om dit vir 'n rukkiet te bespreek. Vra vir hulle waar ons vandag nog skaapwagters kan sien.) Net so het ons vir Jesus nodig om vir ons te sorg, ons te beskerm en ons te lei.

IETS INTERESSANT

Skape luister na hul herder se stem. Het julle geweet in die tyd van die Bybel het 'n goeie skaapwagter nie sy skape aangejaag nie? Nee, hy het voor geloop en hulle geroep. Die skape het sy stem baie goed geken en agter hom aangeloop. Hulle sou nooit agter 'n vreemde persoon aangeloop het nie, omdat hulle nie sy stem ken nie. Hulle het geweet dat die goeie herder hulle baie lief het en dat hy elkeen baie goed ken. Die skape het geweet dat hy hulle sal red en sal beskerm teen wilde diere. Hy sou selfs gevaarlike dinge doen net om hulle te help en te beskerm.

Jesus is ons goeie herder of skaapwagter. Hy is baie lief vir ons. Hy ken elkeen van ons baie goed. As ons Hom volg, sal Hy vir ons sorg en ons beskerm. Omdat ons bly is oor Jesus wat ons goeie Herder is, wil ons sommer vir almal daarvan vertel sodat hulle dit ook kan weet en Hom kan volg.

(As daar met 'n boer gereël is, kan hy of sy nou kom vertel hoe dit is om met skape te boer.)

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- As ons Jesus volg, kan ons vertrou dat Hy sal gee wat Hy weet ons nodig het.
- Om Jesus te volg, beteken ons –
 - weet dat Jesus baie lief vir ons is.
 - is gehoorsaam aan wat Hy vir ons in die Bybel sê.
 - probeer om te lewe soos ons in die Bybel leer.
- Jesus is soos 'n baie goeie skaapwagter of herder wat vir ons sorg.
- In die Bybel, in Psalm 23: 1, staan: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.* Laat die kinders dit een of twee keer saam sê.

IETS OM TE DOEN

Die kinders plak met gom watte op toiletrolletjies. Knip die skaap se bene en kop uit. Plak die skaap se voor- en agterbene op die toiletrolletjie, en laastens die kop.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende woorde leer: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

AFSLUITING

Sluit af met 'n kort gebed. Onthou om, soos ons by die les oor gebed geleer het –

- die Here te loof en te prys,
- die Here te dank, en
- die Here te vra vir iets wat ons nodig het.

